

Johan Wolfaardt CV

Johan Wolfaardt matrikuleer in 1999 met erkleure in Geskiedenis en Kultuur aan die Hoërskool Kempton Park. Daarna studeer hy BA Historical Studies deur Unisa en begin sy museumloopbaan by die Voortrekkermonument. Daaropvolgend werk hy by die Krugerhuis en later as navorser/opvoedkundige beampete by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein. Johan is reeds vir etlike jare as vakkundige beampete by die President Pretorius Museum in Potchefstroom werksaam.

Johan is voorsitter van Heritage Potchefstroom Erfenis en talle artikels en resensies vir die webwerf *Eensgesind* en die SA Kultuurhistoriese Vereniging se joernaal vloei uit sy pen. In 2020 publiseer hy die boek *The Five Days Battle* oor die Slag van Frederikstad (20 - 25 Oktober 1900); hy werk tans aan nog 'n boek oor die veldslae van Tijgerfontein, Rensburg Drift en Stompies. Hy het ook al baie hulp aan ander museums (Klerksdorp, Mafeking en Smuts Huis) in 'n raad-gewende kapasiteit verleent.



September 2022